

**SONDAG** 16 Maart 2003  
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**  
 1e OGGENDDIENS

**LITURGIE**

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot en aanbidding	Gen 1-2 (Skepping)	
Hannes	Lof & aanbidding	“Hy laat die sterre skitter” (1-2) SM35:1-2 “O Heer my God” “Lofferlied” (1-2)	sterre / hy laat SM35:1-2 Loffer
Liturg	Oproep tot skuldbelydenis	Gen 3 (sondeval)	
Hannes	Skuldbelydenis	LB601:1-5 “Die wat die Here wil dien” LB511:1-2 “Lei U ons lig”	LB601:1-5 LB511:1-2
CD	Genadeverkondiging		
		<b><u>Record aan</u></b>	<b><u>Klank: Record</u></b>
Liturg	Gebed	LB254 (2x) “Spreek Heer”	
Liturg	Skriflesing	Gen 9:1-18 (Waar sal ons Maleagi plaas? (P121))	Skrif
Liturg	Preek	Vrywillig vasgemaak (Oral deur die geskiedenis - later ook aan die kruis)	Skrif
Almal	Toewyding	Stilgebed	stil
Liturg	Gebed		
		<b><u>Record af</u></b>	<b><u>Klank: Stop Record</u></b>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		“Afkondig”
Hannes	Lied	“U goedertierenheid” (2x) LB590:1-2 “Het jy gehoor dat eenmaal?”	ugoeder LB590:1-2
Liturg	Seën		

LB509:1-4 “Op berge en in dale”  
 JG20:1-2 “Here Jesus U skyn”

SONDAG 16 Maart 2003  
 NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID  
 2e OGGENDDIENS

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
KMG	Voorsang	“Ek het hande ek het voete” (1-2) “Die liefde van Jesus is baie groot” (1-2) I’ve got joy like a fountain (1-4) Hy’s die Een (2x) Dankie (1-4) Abba Vader (3x) Jesus what a wonder You are (2x) Here God almagtig (1-2)	
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot en aanbidding	Gen 1-2 (Skepping)	
Hannes	Lof & aanbidding	“Hy laat die sterre skitter” (1-2) SM35:1-2 “O Heer my God” “Lofofferlied” (1-2)	sterre / hy laat SM35:1-2 Loffer
Liturg	Oproep tot skuldbelydenis	Gen 3 (sondeval)	
Hannes	Skuldbelydenis	LB601:1-5 “Die wat die Here wil dien” LB511:1-2 “Lei U ons lig”	LB601:1-5 LB511:1-2
CD	Genadeverkondiging	CD: (Ek is waarlik vry) Rene Otto	
		<b><u>Record aan</u></b>	<b><u>Klank: Record</u></b>
Liturg	Gebed	LB254 (2x) “Spreek Heer”	
Liturg	Skriflesing	Gen 9:1-18	Skrif
Liturg	Preek	Vrywillig vasgemaak (Oral deur die geskiedenis - later ook aan die kruis)	Skrif
Almal	Toewyding	Stilgebed	stil
Liturg	Gebed		
		<b><u>Record af</u></b>	<b><u>Klank: Stop Record</u></b>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		“Afkondig”
Hannes	Lied	“U goedertierenheid” (2x)	ugoeder
Liturg	Seën		

# PREEKSKETS

## INLEIDING

Deur al die eeue het die verhaal van die sondvloed mense gefassineer.

- Baie baie volke 'n soortgelyke verhaal.
- Dit dui heel moontlik op die feit dat so 'n vloed werklik plaasgevind het.

Soortgelyke verhale ook in ander kulture en gelowe:

- Voorbeeld: Babiloniese "Epiiese Gilgamesh"
- Talle Joodse volksverhale
  - Noag ondervins baie probleme in die ark met al die diere
  - Werk dag en nag om alle diere te voer en hokke skoon te maak
  - Selfs 'n verhaal dat een van die leeu's vir Noag gebyt het en dat hy lam geword het in sy een been.
  - Mettertyd was die ark vol gemors - rotte het vervuil
  - Noag los die probleem op deur 2 nuwe diere te maak:
    - Vark wat in die gemors kan rol en dit kan eet.
    - Kat wat die rotte kan vang.

In 1955 het Fernand Navarra (Franse ontdekker) 'n 5 voet plank op die top van die Turkse berg Agri Dag ontdek.

- Opgewonde om te dink dat dit dalk die eerste ontdekking van Noag se ark was.
- Deur toetse bepaal dat die plan ongeveer 1200 jaar oud was - dus nie afkomstig van Noag se ark.

Iemand het geskryf (Gordon Gaskill):

- "Does it make a difference really if the ark is found? By now it's immortal. If it did not find refuge in the heart of this mountain, today called Mt Ararat, it has found a safer refuge in the human heart. Here it has lived for thousands of years, and here it will live forever."

Kom ons kyk na die verhaal:

## AARDE VOL SONDE

In die begin het 'n God 'n lieflike heelal geskep.

- Hemel en aarde.
- Voëls.
- Diere
- Mense

En toe Hy die mens geskep het, het Hy dit op 'n baie besondere manier gedoen.

- Na Sy beeld.
- Ons lyk soos Hy.
- Ons aard na God.

Maar die grootste ding wat Hy vir ons gee:

- Ons kan keuses maak (soos Hy)
- Daarom het God sekere bome in die middel van die tuin geplaas.
- En die mens moet kies of Hy daarvan gaan eet of nie.

- Ons kan kies om lief te wees vir die Here, of ons kan kies om nie lief te wees vir die Here nie.
- Ons kan kies.....wil te doen....of om nie Sy wil te doen.

Dis gevaarlik!

En weet julle wat het die mense gekies?

Hulle het gekies om nie vir die Here te luister nie.

- Adam en Eva het gekies om van die boom te eet waarvan hulle nie mag eet nie.
- Kaïn het gekies om sy broer dood te maak.
- Ja, die hele wêreld het gekies om nie vir die Here te luister nie.

En daarom het die wêreld sleg geword.

- Die mense het slegte dinge gedoen.
- Hulle het mekaar doodgemaak.
- Hulle het mekaar se goed gesteel.
- Hulle het mekaar se vrouens gevat.
- Hulle het die armes se goed van hulle weggevat.
- Die hele wêreld was vol geweld en misdaad.

En op 'n dag het God weer gestaan en kyk na die wêreld.

En Hy sien mos alles raak.

Hy sien die dinge raak wat elke mens dink en doen.

En skielik het daar 'n traan in God se oë verskyn.

- Want weet julle wat sien Hy?
- Hy sien net lelike dinge.
- Hy sien net sonde.
- Hy sien 'n misdaadsyfer wat skrikwekkend hoog is.
- Hy sien mens wiese harte vol lelike dinge is.
- Hy sien pappas wat hulle kinders molesteer.
- Hy sien mans wat hulle vrouens aanrand. (Vgl Spr 6:18)
- Hy sien 'n aarde wat heeltemal verdorwe is... (6;9)

En skielik was God baie hartseer.

- Vir die eerste keer in die geskiedenis (God se lewe) is Hy jammer dat Hy die mens gemaak het.
  - Ja, die stukkie van die skepping wat vir Hom die mooiste was ("baie goed" was), is nou die deel van die skepping wat Hom hartseer maak.
  - Op 10 April 1967 het die Here my gemaak.
  - Nee wag: op 10 April 1967 is ek gebore.
  - En daai dag het God in die hemel geglimlag en gesê: dit was baie goed.
  - Vandag: 36 jaar later
    - Ek wonder of God vandag nogsteeds bly is dat Hy my gemaak het.
    - Ek wonder hoeveel keer het die Here al berou gehad dat Hy vir my gemaak het.
    - Spyt was dat ek gebore is?
  - As die Here vandag na jou lewe kyk: Is Hy nogsteeds bly dat Hy jou gemaak het?
    - Trots?
    - Opgewonde?
- Of het Hy vandag berou dat Hy jou ooit geskep het.

Gen 6:5-6 . Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.

- Ek gesels een keer met 'n vrou: haar kind maak die lewe vir hulle bitter moeilik - en met trane oor haar wange sê sy - ek is spyt dat ooit besluit het om 'n kind te hê....
- Soos 'n ma wat spyt is dat sy ooit 'n kind gehad het.

En Hy was nie net spyt oor die mense nie.

Hy was ook spyt oor die diere. (Vers 7)

- Hy was spyt dat Hy ooit lewe geskep het.
- Want alles wat lewe het Hom teleurgestel

## GOD SE PLAN

Maar terwyl God na die aarde kyk, het daar skielik 'n glimlag op Sy gesig gekom.

Want tussen al hierdie slegte mense was daar iemand wat anders was. (Vers 9)

- Sy naam was Noag.
- Hy was 'n regverdige man.
  - Dit beteken: hy het die regte dinge gedoen en die verkeerde dinge gelos.
- Hy was opreg gewees.
  - Dit beteken: hy was genuïene / what you see is what you get.
- Hy het met God gewandel.

Weet julle val my op?

- Die hele wêreld was "bad" gewees.
- Dit was soos Sodom en Gemorra.
- Dit was net sonde en sonde en sonde.
- Almal het gedoen net wat hulle wil.
- En hier tussen al die "bad" mense was daar iemand wat vir die Here geleef het.

Ons praat vandag so baie van groepsdruk.

- Ek maak so want almal maak so.
- Dis onmoontlik om in ons skool op te staan vir die Here.
- Dis nie moontlik om 'n christen in hierdie werk te wees nie.

Noag was die enigste ou op die hele aarde wat nog vir God geluister het.

Maar Hy het dit gedoen.

- Regverdig / opreg / met God gewandel

Die Here kyk natuurlik vandag nog steeds oor die wêreld.

- Hy kyk na ons skool.
- Hy kyk na die besigheid waar ek werk.

Kom daar 'n traan in Sy oog wanneer Hy my sien?

Of kom daar 'n glimlag om Sy mond? (Soos by Noag)?

En net hier verander God van plan.

- Hy gaan nie die hele mensdom uitwis nie.
- Hy sal die EEN gesin wat getrou gebly het aan Hom, se lewe spaar.

- En Hy sal met hulle ‘n nuwe volk begin.

Miskien wonder jy soms of dit die moeite werd is.

- Sien die Here jou raak?
- Sien Hy hoe jy probeer om getrou te bly aan Hom?

Ja, Hy sien dit raak.

En Hy red elkeen wat getrou bly aan Hom.

- Hy het vir Noag gered.
- Hy het vir Ragab uit Jerigo uit gered.
- Hy sal jou red as jy getrou bly aan Hom.

## NOAG BOU ‘N ARK

(Transpirant: p33)

Die goeie nuus is: Die Here gaan ‘n ark laat bou waarin Noag en sy gesin gered kan word.

En die slegte nuus:

- Noag moet self die ark bou.
- In die army het ons altyd die spreukwoord gebruik: “No pain, na gain”
- God gee nie vir Noag ‘n ark persent nie.
- Hy gaan nie gaan sit en wag vir die einde nie.
- Die Here gee vir hom ‘n werk.
  - Hy moet ‘n ark bou van Goferhout.
  - 300 el by 50 el.
  - 3 verdiepings hoog wees. (30 el)
  - **\*\*Transpirant\*\***
  - Dis ‘n geweldige skip om te bou.
  - Dit moes vir Noag ‘n klomp geld gekos het.
  - Hy en sy gesin moes redelike tyd daaraan gewerk het.
  - Hulle het seker baie keer gewonder of dit die moeite werd is.
  - Maar hulle het God op Sy woord gevat.
  - Hulle het geweet: hierdie God kan jy vertrou.

## MEER AS ‘N JAAR IN DIE ARK

(Transpirant: p35)

Uiteindelik het die groot dag aangebreek.

- Die dag waarop die skip gelaai moes word.
- Die kinderbybel het dit altyd uitgebeeld dat die diere self twee-twee aangestap gekom het.
- **\*\*Transpirant\*\***
- So lekker romantiese prentjie.
- Waar het jy gesien die leeus kom twee-twee aangestap. (More bokke!)

Nee, Noag en sy seuns moes die diere gaan vang en in die ark sit.

- Dit was nie sirkusidere nie.
- Dit was gewonde leeus en renosters en “Timon’s”

### **[ Musiek: Noag het ‘n ark gebou - snit 5 Jan De Wet ]**

Uiteindelik was die ark gelaai.

‘N reisende dieretuin.

- En toe.

- Toe het God van buite af die deur van die ark gesluit. (7:16)
  - Sodat niemand wat binne is kan uitgaan
  - en niemand wat buite is kan ingaan nie.

Die Here het geweet dat wanneer die reën begin van en die water styg en alles begin wegspoel, sal mense teen die ark klop en stamp en pleit: Maak oop! En Hy het geweet dat Noag in die versoeking sou wees om die deur oop te maak - en daarom het God van buite af die ark gesluit.

- As God die deur agter jou gesluit het is jy veilig.
- As God die deur voor jou gesluit het, sal jy nooit die binnekant sien nie.

Jare later het die Here 'n gelykenis vertel: Gelykenis van die 10 meisies.

- En die wat vir die bruidegom gewag het, en hulle lampies vol olie gemaak het, het ingegaan en fees gevier.
- En die wat nie gereed was nie?
- Die wat buitekant was?
- Hulle het teen die deur gestamp en geruk en geklop en gesmeek "Maak oop"!
- Maar die bruidegom het reeds die deur gesluit - en hulle sou nooit inkom nie.

Mat 7:22 sê: In daardie tyd sal die mense aan die deure ruk en klop en skreeu: "Maak oop! Het ons nie in U Naam gepreek en duiwels uitgedryf nie? En dan sal Hy vir hulle sê: Geen weg! Ek ken julle nie!

Persoonlike vraag:

- Is jy buite OF is jy binne?
- As daai deur vandag gesluit word - waar sal jy wees?
  - In die ark?
  - Of in die stormwater.
  - Weet julle wat is die slegte nuus?
  - Nie een van die mense in die stormwater het dit oorleef nie.
  - Nie een nie.
- Waar sal jy wees?

Noag en sy gesin en die diere was vir meer as een jaar in die ark.

- Hulle het in die eerste maand van Noag se 600-jaar in die ark gegaan. (17/02/00)
- Hulle het uitgekóm in die tweede maand van Noag se 601-jaar. (27/02/01)

## VOET AAN WAL

Dit moes lekker gewees het om weer voet aan wal te sit.

- Om weer opdroë grond te trap.
- op weer sonlig te voel.
- Om bome te sien.

MAAR: Dit moes sleg gewees het om al die liggame van dooie mense oral te sien.

- Dit moes sleg gewees het om skielik alleen op die aarde te wees.
- Geen vriende
- Geen familie

Aan die een kant die bewondering vir die Here dat Hy ons gered het.

- Die vreugde.

- Die dankbaarheid.

Aan die anderkant die vrees vir hierdie God wat 'n alles wat lewe kan uitdelg.

- Ek dink dat hulle met groot bewing uit die ark uitgeklim het.

## DIE GOD WAT HOM VRYWILLIG VASMAAK

Noag het vir die Here 'n altaar gebou en vir Hom geoffer.

- Terloops: dit is die rede hoekom daar van die rein diere 7 pare moes wees.

Die Bybel sê vir ons dat die reuk van die offer vir die Here lekker was.

- Hy het baie daarvan gehou.
- En Hy het die offer aangeneem.
- En toe maak die Here aan Homself 'n belofte:
  - Nooit weer sal Ek so iets doen nie.
  - Nooit weer sal Ek al die mense en al die diere uitwis nie.

Dan gebeur daar iets wonderliks: God sluit 'n verbond (kontrak) met die hele aarde.

- Kontrak met die mense
- Kontrak met die diere
- Kontrak met die voëls
- Ek sal nooit weer die hele aarde uitwis met water nie !
- Daar sal nooit weer 'n sondvloed wees nie.
- Niemand sal ooit weer 'n ark moet bou nie.

Maar dan doen God iets ongeloofliks.

- Hy skep 'n reënboog
- Elke keer as die wolke saampak en dit reën sal daar 'n reënboog wees.

Vir wie is hierdie reënboog daar?

- Vir ons?
  - Om ons te herinner aan God se verbond?
  - Om die mooi daarvan te geniet.
  - Om terug te dink aan die sondvloed.
  - Vir die verliefdes om na te staar

Maar weet julle wat?

God het die reënboog nie vir ons geskep nie.

Hy het dit vir Homself geskep.

- Elke keer as Ek hierdie reënboog sien sal Ek onthou dat Ek 'n verbond met julle gesluit het.
- Die Reënboog sal My herinner aan alles wat ek julle belowe het.
- Dat Ek dit nooit sal vergeet nie.
- Dat nooit weer sal doen nie.

Wat is die grootste les van hierdie gedeelte?

- Dat God (wat heeltemal soewerein is) Sy eie vryheid weggee het twv ons.
- Hy het Sy eie vryheid weggee.
- Al wil Hy kan Hy nooit weer 'n sondvloed oor die aarde bring nie.

Julle sien: God het Homself vrywillig aan ons kom vasmaak.

- Hy hoef nie 'n belofte te maak nie.
- Hy hoef nie 'n verbond te sluit nie.



- Hy skuld ons geen verduideliking nie.

Maar Hy doen dit.

- Regdeur die geskiedenis het Hy Homself vrywillig vasgemaak aan mense.
- ‘n Verbond met Abraham.
- Ek sal jou God wees vir altyd en altyd.
- God kan nie ophou om ons God te wees nie.
- Hy het Homself vasgemaak met ‘n belofte.

Duisende jare later het God Homself weer ‘n keer vrywillig vasgemaak.

- Hierdie keer aan ‘n kruis.
- Nie met die mooi kleure van ‘n reenboog nie maar met die rooi van bloed.
- Nie met ‘n handtekening op ‘n kontrak nie, maar met spykers aan ‘n kruis.
- Vir al die sonde van die wêreld.

Daarom vertel die reenboog dieselfde verhaal as die kruis;

- Die verhaal van God se genade.
- Die verhaal van ‘n God wat Hom vrywillig laat vasmaak.
- ‘n God afstand doen van Sy vryheid.
- ‘n God wat Sy eie soewereiniteit inperk.
- ‘n God wat Hom deur mense laat boei.